

## Die tuin van Eden as eerste tempel

### Gen 2:4-17

19 Maart 2023

1. Vantevore: Vordering in God se werk – woeste, leë, donker en water bedekte aarde (Gen 1:2) → georden na dag 3 → gevul met eerste lewensvorme met spesifieke opdragte na dag 6
2. Beskrywing van die tuin van Eden (Gen 2:8-17, 3:23-24)
  - a. Here God het die tuin geplant (Gen 2:8)
    - Gen 1: God (Elohim), Gen 2: Here God (Jahwe Elohim) – Verbondsgod
  - b. Tuin is vir die mens aangeplant (Gen 2:8)
  - c. Tuin was in Eden in die ooste – ‘n deel van die aarde (Gen 2:8)
  - d. Items in die tuin van Eden (Gen 2:9-14): Bome (insluitend: boom van die lewe en die boom van kennis van goed en kwaad), ‘n rivier wat vertak en verder loop, goud, balsem, oniksgesteentes, ingang aan oostekant (Gen 3:23-24)
3. Adam se opdrag om in die tuin te doen (Gen 2:15)
  - a. Moet tuin bewerk en bewaak (OAV) – vgl Gen 1:28: aarde onderwerp
  - b. God se verwagting was dat tuin uitgebrei moes word tot hele aarde gevul was met tuin
4. Vergelyking van tuin van Eden met tabernakel
  - a. Tabernakel: Voorhof met brandofferaltaar en waskom – regverdigmaking; Heilige met kandelaar, tafel met toonbrode, wierookaltaar – heiligmaking; Allerheiligste met verbondsark/versoendeksel/bloed gesprinkel – heerlikmaking
  - b. Ooreenkomste tussen tuin van Eden en tabernakel:
    - God inisieer beide en verseker beide is volgens Sy opdrag (Eks 25:9, Gen 1:31 vs Eks 39:42-43)
    - Boom van die lewe vs kandelaar (vgl Gen 3:22)
    - Boom van kennis van goed en kwaad vs God se wet in die verbondsark
    - Riviere in tuin vs riviere in Esegïël se visioen (Eseg 47:1-12) en Nuwe Jerusalem (Op 22:1-2), en tafel met toonbrode in tabernakel
    - Goud in die tuin vs goud in die Heilige (en Allerheiligste)
    - Oniks in tuin vs oniksstene op hoëpriester se skouers (Eks 28:9-12)
    - Balsem in tuin vs balsem in salfolie en wierookoffers (Eks 25:6)
    - Ingang van tuin en tabernakel aan oostekant (Gen 3:23-24)
    - Gerubs by ingang van tuin vs gerubs op voorhangsel in tabernakel
    - God wandel in tuin vs Sy heerlikheid vul tabernakel (Gen 3:8, Eks 40:34)
    - Adam bewerk en bewaak die tuin vs priesters bewerk en bewaak die heiligdom (Num 18:1)
  - c. Verskille tussen tuin van Eden en tabernakel:
    - Geen ekwivalent van brandofferaltaar of waskom in tuin nie – dus geen voorhof nie, geen noodsaak aan regverdigmaking nie, nog geen sonde nie
    - Wel die boom van kennis van goed en kwaad in die tuin (ekwivalent van wet in tabernakel), maar sonder ‘n ekwivalent van verbondsark – moet op eie gehoorsaamheid vorder na heerlikmaking
    - Na sondeval uit tuin gestuur – nou is daar noodsaak vir regverdigmaking, moet inkom langs nuwe lewende weg deur die voorhof en Heilige tot in Allerheiligste (Heb 10:19)